# PROFESSIONELE VORMING VAN DIE STUDENTVERPLEEGKUNDIGE

**Referaat gelewer by die Pretoria tak, S.A.V.V.**

**PROF. DR. W.J. KOTZÉ**

**Departement Verpleegkunde, Universiteit van Port Elizabeth**

**SUMMARY**

**The student nurse must be shaped into a true professional practitioner. This is a continuous process which has its roots in the person's experiences which led her to join the nursing profession.**

**Professionalisation of the student nurse includes three essential elements. The first important aspect is that she must attain professional nursing expertise as this is a prerequisite of professional status. This includes a strong knowledge base and vocational proficiency. Secondly, she must develop into a good leader. Leadership can be nutured by requiring independent work through group discussions and by allowing students to manage and control their own affairs in the nurses' residence.**

**Finally the professional nurse should have a well-rounded personality characterised by integration, an own identity and self-discipline. Here nursing role models are very important and the student should be provided with opportunities to share her opinions and to use her own initiative.**

## PROFESSIONELE GEVORMDHEID

By ontleding van die vereistes wat vir professionele gevormdheid gestel word, is daar vier hoofkriteria onderskeibaar, naamlik vereistes met betrekking tot vakkundigheid, beroepskundigheid, leiersvermoëns en die gevormdheid van persoonlikheid. In die verband kan terug verwys word na die referaat *Professionele gevormdheid van die verpleegkundige — die beeld van die beroep na buite* soos gepubliseer in Curationis van Maart 1982.

Dit spreek vanself dat elkeen van hierdie aspekte in die vorming van die student tot professionele persoon tot sy reg sal kom. Onnodig om te sê, hierdie is 'n onderwerp van so 'n omvang dat 'n boek daaroor geskryf kan word. Hier word daar maar aan die oppervlakte geraak en hoogstens 'n paar gedagtes gelug.

Ter aanvang word by vernuwing die gebruik van die begrip *vorming* in perspektief geplaas. *Geen persoon kan ... deur andere gevorm word nie. Die vorming wat plaasvind kom uit die persoon self. Dit is die resultaat van die verwerking van (vormende faktore) deur die persoon . . . self. Geen persoon kan van buite gevorm word nie, die geleenthede en moontlikhede vir vorming kán egter en moet derhalwe doelgerig en stelselmatig geskep word. Die gesindheid van die student, haar bereidheid ... om positief of negatief by te dra, tesame met haar aangebore en ontplooiende vermoëns die gehalte van die vormingsomgewing wat vir haar geskep is en haar benutting van die vormingsgeleenthede bepaal uiteindelik die gehalte van gevormdheid* (Kotzé, 1982, p9)

## DIE BEGIN VAN DIE VORMINGSPROSES

Wanneer begin die proses van professionele vorming? Die professor van verpleegkunde van die Universiteit van Colorado, Ada Jacox, verwys hierna as professionele sosialisering waardeur die studentverpleegkundige die kennis, vaardighede en sin van beroepsidentiteit, eie aan 'n professionele persoon, verwerf.

*The process involves the internalization of the values and norms of a professional group into one's own behaviour and self-conception,* en dan verwys professor Jacox op 'n baie belangrike feit wat dikwels oor die hoof gesien word, naamlik *It is important to recognize that professional socialization does not begin with entry into a professional school, but has its roots in the earlier experiences of the person which result in the decision to join a particular occupational group* (Chaska, 1978, p 10)

Die identifisering van 'n persoon met die inhoude van die verpleegberoep begin dikwels heel vroeg, moontlik met 'n verjaardag- of Kersgeskenk van 'n wit verpleegsters-speeltassie met die rooi kruis op die deksel en daarbinne die kandidaat-verpleegkundige se eerste verpleegstersuniform, kappie en toorgoed.

Hierna vorm storieboeke en strokiesverhale haar idee van verpleging en die tradisionele idee van die verpleegster as iemand wat in mense belangstel en onvoorwaardelik gehoorsaam is aan die dokter en matrone, vat pos. Nog later bring verhale in tydskrifte en boeke, artikels, prenteverhale, die radio en televisie die beeld van die verpleegster as setsekssimbool in 'n romantiese werksatmosfeer by haar tuis.

Professor Jacox maak dié aanmerking — *It is a rare movie, TV program or book which characterizes the nurse as an intelligent, independent person who is making important decisions about the care of the patient.* (Ibid, p 12)

Tradisioneel word die verpleegkundige beskou as iemand wat in 'n hospitaal werk en verder is die indruk van die verpleegkundige as iemand wat hoofsaaklik betrokke is by die versorging van siek persone waarskynlik deel van

die verwagtinge van die jong verpleegkundige kandidaat. Hierdie indrukke van moderne verpleegkunde is aansienlik *buite fokus*. Hulle bestaan werklik en moet baie beslis in ag geneem en stelselmatig uitgewis word by die publiek en veral by die jong studentverpleegkundige.

## Bekendstelling van die beroep

Die taak van professionele vorming behoort dus te begin by die bekendstelling van die beroep na buite waarvan werwingsaksies van gesondheidsowerhede deel is. Tot nou toe is kinder- en jeugprogramme op televisie in ons land werklik nog nie benut om 'n reëlbeeld van verpleging in die moderne idioom van die kind en jeugdige daar te stel nie. Die samewerking van hierdie magtige medium om kinder- en jeugverhale te skep waarin die perspektief met betrekking tot die beroep herstel word, behoort verkry te word. Die kind en tiener kyk nie na *Verslag* aktualiteitsprogramme, en die dergelike nie!

Dit sal waarskynlik ook die moeite werd wees om bestaande werwingspogings te evalueer om seker te maak of die beeld van die verpleegkundige wat aan die gemeenskap voorgehou word dié is van 'n vakkundige in 'n omvattende arbeidsterrein, 'n professionele persoon wat haarself as sodanig binne eie geledere en in die breër beroepsverband kan handhaaf, 'n leier in 'n verskeidenheid situasies en binne die verpleegspan, en 'n gevormde, afgeronde persoonlikheid. Teikengroepe moet identifiseer word en in dié verband *bereik* word. Bekendstelling van die beroep en die professionele verpleegkundige is in die eerste plek die verantwoordelikheid van die beroep self en kan nie net aan die gesondheidsowerhede oorgelaat word nie.

Die opvoedkundige afdeling van die Suid-Afrikaanse Verpleegstersvereniging behoort die aangeleentheid van bekendstelling van die beroep na te vors en die nodige te doen om die beroep in perspektief te stel om so ook op hierdie vlak 'n bydrae tot die saak van professionele vorming te lewer.

## Keuring

'n Tweede aspek wat aandag verdien, is dié van selektering of keuring. Noukeurige keuring aan die hand van kriteria wat beide die akademiese vermoëns en die persoonlikheid en motivering van beroepskeuse wetenskaplik evalueer, is noodsaaklik. 'n Gestruktureerde persoonlike onderhoud is onmisbaar om ten minste 'n idee te kan vorm van die moontlikhede van elke kandidaat om tot 'n gevormde professionele persoonlikheid te groei. Alhoewel geen keuringsbenadering onfeilbaar is nie, is dit tog sinvol om 'n kleiner geselekteerde groep studente vir opleiding in te skryf as 'n groot ongeselekteerde groep met moontlik 'n hoë stakingsyfer wat die beeld van die beroep en studentwerwing onberekenbare skade berokken.

# VORMING VAN DIE STUDENT

## Vak- en beroepskundige vorming

Die eerste stel vereistes waaraan 'n professionele — gevormde verpleegkundige moet voldoen, is dié van beroepskundigheid en vakkundigheid.

In die eerste plek moet die persoon verpleegkundige diens van standhoudende hoë standaard lewer wat—

- die kenmerke van haar eie identiteit vertoon;
- altyd aan die behoeftes van die situasie voldoen; en
- getuig van 'n verfynde sin van verantwoordelikheid en 'n ontwikkelde bewussyn van beroepsaanspreelikheid.

Sy moet professionele optrede handhaaf wat haar gehoorsaming van die beginsels van dienslewering en haar identifisering met die beginsels van professionele etiek weerspieël.

Daar moet blyke wees van haar voortgesette pogings om die wetenskap van verpleegkunde, en die verpleegberoep as sodanig, uit te bou en te bevorder deur —

- voortdurende eie vakkundige en professionele groei
- die inskerping van verpleegkundige kennis en vaardighede en 'n professionele bewussyn by verpleegkundige kollegas en studente deur onderrig en voorbeeld
- die bevordering van die welsyn van verpleegkundiges en die verpleegberoep in die algemeen deur betrokkenheid, op die een of ander vlak, by die georganiseerde beroep, dit is by die werksaamhede van die S.A. Verpleegstersvereniging op tak-, streeks- en nasionale vlak, en deur
- die handhawing van haarself as professionele persoon en vakkundige in breër beroepsverband, dit is binne die multidissiplinêre gesondheidspan; in die wisselwerking tussen die verpleegberoep en ander beroepe; en as individu in die gemeenskap om op hierdie wyse by te dra tot die bevordering van die selfstandigwording van die verpleegberoep tussen ander beroepe en om die beeld van die verpleegberoep in die gemeenskap positief te verstewig.

## Vakkundigheid

Die eerste aspek wat aandag verdien, vanweë die primêre belang daarvan vir professionele erkenning, is dié van vakkundige vorming tydens opleiding.

Die beoogde regulasies van die Suid-Afrikaanse Raad op Verpleging vir opleiding vir registrasie as verpleegkundige (algemene, psigiatriese, gemeenskaps-) en vroedvrou, indien dit effektief benut sou word, bied alle moontlikhede vir die groei van die student tot selfstandige verpleegkundigheid in 'n omvattende gesondheidsdienslewe-ringsverband. Die klem in die regulasies val op die sinvolle integrering van kennis ten opsigte van al vier basiese verpleegdissiplines vanaf die begin van die opleiding en die optimale gebruikmaking van opleidingstyd deur die planmatige, doelgerigte skep van daardie leerervaringe wat die student benodig om tot die toepassing van kennis en die inoefening en bemeestering van verpleegkundige vaardighede te kom. Die regulasies voorsien vir die voltooiing van die leerproses tot die hoogste vlak van die kognitiewe, affektiewe en psigomotoriese terreine van leer.

Omdat die beoogde opleiding slegs in skole geassosieer met universiteite met departemente van verpleegkunde aangebied sal word, sal opleidingskole die vryheid hê om binne die raamwerk van die regulasies self te kurrikuleer en te eksamineer. In die voorgestelde direktief van die Raad vir die kursus word waardevolle riglyne in die vorm van stadiumdoelstellings, vakinhoud en leerervaringe in die kliniese veld vir skole voorgehou.

Die inwerkingstelling van die kursus gaan weliswaar harde werk en 'n volhardende poging verg van almal wat by onderrig betrokke is. Dit bied egter 'n geleentheid sonder gelyke om die student tot professionele gevormdheid en

'n eie professionele identiteit te lei. Dit bied ongetwyfeld ook die geleentheid vir die dosent, die kliniese onderriggewer en verpleegkundiges in opleidingsale en -eenhede om vakkundig te groei. Met die klem in die kurrikulum op die wetenskaplike benadering tot verpleging en die onderrig van verpleging volgens die verpleegprosesbenadering, sal die mediese model as enigste onderrigbenadering en die funksionele benadering tot pasiëntsorg hopelik nou finaal verdwyn. Dit sal bydra tot meer effektiewe verpleging van die individuele pasiënt en daarmee saam tot 'n hoër standaard van pasiëntsorg en dienslewering in die algemeen, dit is, met betrekking tot die individu, die gesin, groepe persone en die gemeenskap in die breë.

Dit moet beklemtoon word dat die hoogste premie vir professionaliteit op die terrein van vakkundigheid is. Indien die verpleegkundige dáárin faal, haar vakbeoefening onderontwikkeld is of nie met ontwikkelinge tred hou nie, verval alle sprake van professionele status.

### Beroepskundigheid

Die tweede aspek is dié van vorming van die student as beroepskundige persoon.

Die heel belangrikste faset van vorming tot beroepskundigheid is sekerlik die toelating van die studentverpleegkundige tot die veld van kliniese praktika as deel van die gesondheidspan en die feit dat haar toelating tot opleiding deur haar registrasie by die S.A. Raad op Verpleging as studentverpleegkundige formaliseer word. Dit beteken dat sy vir die totale tydperk van opleiding kan leer hoe om as beroepsaanspreeklike persoon te funksioneer. Dit spreek vanself dat die mate waarin sy aanspreeklik gehou word vir haar optrede, of vir haar versuim om op te tree, saamhang met die stadium van opleiding en die professionele voorbereiding wat sy tot op daardie stadium ontvang het.

Die sinvolle en effektiewe vertolking van die beroepsetos van verpleegkunde vanaf die eerste studiejaar is van onmisbare belang. Dit moet op 'n interessante wyse deur gebruikmaking van die regte onderwysmetodes gedoen word asook in die kliniese onderrig versterk word. In plaas van die stereotipe chronologiese benadering, byvoorbeeld tot die onderrig van die geskiedenis van verpleging, kan die faktore wat bygedra het tot die ontwikkeling van die beroep met behulp van selfstudie deur die studente nagevors en daarna in 'n groepbespreking onder leiding van die dosent tot sintese gebring word. Waar moontlik kan geskiedkundige plekke besoek en lesings met films en skyfieklankreekse toegelig word. Die beginsels van professionele etiek en professionele praktyk kan toegelig word met uitgesoekte tugsake van die Raad om verduideliking en bespreking aan te vul. Dit is maar enkele voorbeelde.

Die beroepsetos sal slegs bydra tot die gedying van beroepstrots by die jong student, en sy sal haar slegs met die wetlike en etiese beginsels van die verpleegberoep kan identifiseer, as sy dit verstaan en as dit vir haar lewende, betekenisvolle werklikhede word.

Een van die mees ervare leerkragte behoort die onderrig van etos van verpleegkunde en professionele praktyk te onderneem, byvoorbeeld die prinsipale. So 'n persoon is dikwels beter toegerus om die beroepsfilosofie en die beginsels van praktykvoering met oortuiging en oorgawe oor te dra.

Die student moet van die eerste studiejaar af die bewussyn begin ontwikkel dat sy voorberei word as beroepspersoon vir die toekoms, dat sy lid van die sterkste vroueberoepsgroep van die wêreld gaan wees, asook die betekenis van haar registrasie as student by die Raad en haar inskrywing as studentelid van die Vereniging. Die professionele publikasies, Verpleegnuus en Curationis, behoort met reëlmaat vir groepsbesprekings benut te word. Kontak tussen die student en die Raad en die Vereniging behoort moontlik bewerkstelling te word. Besoeke van amptenare van die Hoofkantore en die Streekkantore van die Vereniging behoort uitgebrei te word tot besoeke aan die studente. Bywoning van ope vergaderings van die Raad en die Vereniging deur jong studentgroepe behoort, waar geografies moontlik, ten beste benut te word om bekendstelling aan die statutêre liggame van die verpleegberoep aan te vul.

Die skrywer wil weereens beklemtoon dat die kommunikasie tussen die student en die Vereniging verbeter móét word. Die opvoedkundige afdeling van die Vereniging lewer werklik 'n uiters skrale diens ter bevordering van beroepskundigheid by basiese studente. Die middele om die beroep en die Vereniging beter bekend te stel by die student behoort deur hierdie afdeling geskep te word. Dit is 'n verantwoordelikheid wat die Vereniging nie langer kan verontagsaam nie.

Veel kan gedoen word om die student op takvlak en selfs streeksvlak meer aktief te betrek by die sake van die Vereniging. Sy kan byvoorbeeld by die werksaamhede van die S.A. Verpleegsterstrustfonds betrek word, nie net ter wille van beroepskundige vorming as sodanig nie, maar veral ter wille van die ontwikkeling van 'n sin van verantwoordelikheid vir die welsyn van beroepsgenote.

### Leiervorming

Die tweede stel vereistes waaraan 'n professioneel-gevormde verpleegkundige moet voldoen is dié van leierskap. Die professioneel-gevormde persoon beskik oor die hoedanighede van 'n goeie leier. Die belangrikste hiervan is die volgende.

Die professioneel-gevormde persoon beskik oor 'n gesonde, positiewe selfbeskouing, lewensbeskouing en mensbeskouing en handhaaf 'n fyn balans tussen haar loopbaan en haar private lewe. Sy stel hoë eise aan haarself maar sorg dat sy deur 'n verantwoordelike, suiwer en gebalanseerde lewenswyse nie net fisies-psigies-geestelik in staat is om aan die eise van haar loopbaan te voldoen nie, maar ook om 'n vol en ryke persoonlike lewe te lei. Dit verg van haar die moed en gesonde oordeelsvermoë om haarself met reëlmaat tot stilstand te roep om haar lewensstyl onder die vergrootglas te plaas, haar prioritiete te heroorweeg en die nodige aanpassings daaraan te doen.

Die professioneel-gevormde persoon besef dat haar krag as leier afhanklik is van haar vermoë om eendragtige samewerking, groepsbinding en lojaliteit-aan-die-saak in haar werkomgewing te skep. Dit beteken noodwendig dat sy in ooreenstemming met die vermoëns van haar spanlede vormingsmoontlikhede moet skep en die positiewe hoedanighede en kragte van individue en die groep as geheel moet ontdek en ontgin. Dit alles moet sy met oordeelkundige begeleiding tot effektiewe dienslewering en professionele optrede saamsnoer.

Die professioneel-gevormde persoon as leier besef dat die duursaamste belegging in haar beroepswerk geleë is in die skep van 'n klimaat wat die vorming van leierskapvermoëns by andere bevorder — *geseënd is hy wat leiers skep terwyl hy lei* (Kron, 1966, pix). Mary Parker Follett, in haar wysheid, dekades gelede, sê die volgende in hierdie verband: *We are coming to think that the leader is not the boss, but the educator ... The best type of leader today does not want men who are subservient to him ... He is trying to develop men exactly the opposite of this, men themselves with mastery, and such men will give his own leadership worth and power* (Metcalf & Urwick, 1952, p 267)

As deel van haar insig in die noodsaaklikheid van vormingswerk, besef die verpleegkundige die noodsaaklikheid van voortdurende evaluering en verbetering van die gehalte van haar eie persoonlike, beroepskundige en vakkundige hoedanighede en van haar gehalte as rolmodel — iemand wat die moeite wérd is om te volg.

Dit is onteenseglik so dat leiersvorming onlosmaaklik aan die ander fasette van vorming verbonde is. Dit is die vakkundige persoon wat die **wat**, die **hoe**, die **waarmee**, die **wanneer**, die **waar** en die **waarom** van haar vak ken en wat daarom kán meedeel, kán help, kán lei, kán begelei. Daarom is vakkundige groei tot selfstandigheid die absolute vereiste vir vorming van die student tot leier. Effektiewe basiese opleiding bied aan die jong praktisyn die lanseerbasis vir voortgesette groei as professionele persoon en as leier.

## Aspekte van belang vir leiervorming

Daar is aspekte van die basiese beroepsvoorbereiding wat spesiale oorweging verdien vanweë hul belang vir leiersvorming. Hulle word vervolgens kortliks genoem.

### Selfstandige werk

Die gewete van die student ten opsigte van haar eie verantwoordelikheid vir haar vorming en die ontdekking en ontplooiing van haar vermoëns moet heel in die begin van haar opleiding gewek word. Sy moet nie net aangemoedig word om te studeer en in haar pogings om vaardighede te bemeester te slaag nie — daar moet doelbewus hoë eise vir selfwerksaamheid aan haar gestel word.

Vanaf die eerste studiejaar moet selfstandige werk, in die vorm van pasiëntstudies, navorsing in die biblioteek met die oog op probleembesprekingsessies, voorbereiding vir die gee van 'n kort lesing, die lewering van 'n voordrag, en so meer, aan haar opgedra word. Afdelings van die leerplan moet met behulp van selfstudie afgehandel word.

Die gebruik van studiedae volgepak met formele lesings is uitgedien. Daarmee onderskat ons die jong student se leervermoëns en vindingrykheid. Daar behoort weekliks ten minste 'n drie urelange biblioteekperiode vir studente op die lesingrooster ingeruim te word. Dit spreek vanself dat hulle vooraf behoorlik oor die effektiewe gebruik van die biblioteek onderrig sal word. Die punte wat vir selfstandige werk behaal is, moet by die semester- en jaarpunt van die student in berekening gebring word as beloning vir haar pogings.

Dit spreek vanself dat biblioteekaanvulling vir hierdie rede 'n belangrike item op die jaarlikse begrotingsopgawe van die skool behoort te wees. Dringende oorweging behoort daaraan gegee te word om kollegebiblioteke in te skakel by die landswye interbiblioteeksisteem.

### Groepbesprekings

Die lesingrooster moet verder weekliks voorsiening maak vir informele groepbespreking en spreekure met individuele studente. Gedurende hierdie periodes moet onderwerpe van aktuele belang vir jong studente met hulle bespreek word. Verdeling van 'n klas in groepe sodat die dosent kleingroepsbesprekings in 'n meer intieme klimaat met studente kan voer terwyl ander studente byvoorbeeld selfstudie of biblioteekwerk doen, is 'n verdienstelike moontlikheid.

Dit is in hierdie besprekings dat die student leer om te verbaliseer, na haar eie probleme en die van ander te luister, leer om te redeneer, haar standpunt te stel en te verdedig en leer om die standpunte van ander te eerbiedig en na meriete te oorweeg.

### Oriëntering

Oriëntering van die eerstejaarstudent met betrekking tot haar plek in die gesondheidspan, haar posisie in die gesondheidsdienshiërargie, hospitaalhiërargie en verpleeghiërargie; bespreking van haar professionele verhoudinge met ander gesondheidswerkers, die kommunikasielyne en die betekenis daarvan; en die patroon van vordering in die hiërargie sodat sy haarself van die eerste studiejaar af duidelik in toekomsperspektief kan plaas, is belangrik.

Dit is verder belangrik dat die student reeds in die eerste jaar persoonlike kommunikasie met die matrone leer ken. Die matrone behoort om die beurt met studente van verskillende studiejare pasiëntrondte te doen. Op dié wyse deel sy in die onderrig van die student en leer die student haar as 'n toenaderbare persoon, as verpleegkundige rolmodel en as verpleegkundige leier ken. Dit is belangrik dat geleenthede om die toekomsgerigtheid van die studente te wek en te versterk, doelgerig geskep word.

Geleenthede moet in die kliniese veld, in die hospitaalsaal, en so meer, deur die saalsuster geskep word vir groepsbespreking met studente. Kliniese probleemsituasies moet vir sulke besprekings benut word. Op hierdie wyse leer die student ook haar toekomstige rol as leier van die verpleegspan ken. Besoekure kan baie doeltreffend hiervoor benut word.

Dit spreek vanself dat die saalsuster 'n integrale deel van die onderrig- en evalueringspan is. Dit kan nie genoeg beklemtoon word dat die saalsuster — as vakkundige, spanleier, beroepskundige en gevormde persoonlikheid — die mees blywende indrukke skep en die mees blywende vormingswerk kan doen nie. Dit is veral sy wat beroepsgerigtheid by die student bou of breek.

Voortgesette professionele vorming van die saalsuster deur haar eie pogings en die geleenthede wat deur die werkgewer vir haar voortgesette groei geskep word, is steeds een van die duursaamste beleggings vir 'n dienslewering-sisteem en die beroep.

### Betrokkenheid by koshuisaangeleenthede

'n Baie belangrike vormingsinstrument vir leierskapsgedying, wat dikwels onderskat word, is die sosialisering van die student deur betrokkenheid in die beheer en beplanning van koshuisaangeleenthede en georganiseerde studentaktiwiteite. In hierdie verband word te veel **vir** studente gedoen. So vind 'n mens dikwels situasies waar slegs 'n

klein getal aangestelde huiskomiteelede onder leiding van 'n sportbeampte, of 'n derglike persoon, alle aktiwiteite oorheers terwyl die meerderheid studente onbetrokke en passief bly.

Studente behoort die geleentheid gebied te word om self die leiding te neem: 'n eie *huis*-konstitusie te skep; eie fondsinsamelings te doen en te administreer; volgens grondwet beheer oor eie geledere waar te neem na 'n vrye verkiesing van huiskomiteelede en studenteleiers; 'n eie gesagshiërargie daar te stel; eie strafmaatreëls daar te stel en te onderhou. Kortom, hulle behoort die geleentheid gebied te word om hulself aan die hand van 'n eie grondwet te regeer. Dus ook op hierdie vlak moet die moontlikhede vir leierskapsgroei, met die adsolute minimum inmenging van buite, geskep word.

Hierdie is maar 'n paar aspekte van leiersvorming. Dit gaan in leiersvorming primêr om die skep van die regte positiewe gesindheid deur die begeleiding van verpleegkundige rolmodelle. Rolmodelle as professioneel-gevormde volwassenes wat die belang daarvan besef dat hulle hulself oorbodig moet maak ten einde die studente die geleentheid te gee om te emansipeer tot selfstandigwording.

Die student móét stap vir stap gelei word, maar namate sy daarvoor gereed is, moet sy toegelaat word om op professionele en persoonlike gebied self besluite te neem en daarvoor verantwoordelikheid te aanvaar. Sy moet egter die versekering hê dat wanneer sy fouteer, ontspoor of hulp nodig het, daar altyd iemand beskikbaar is om te help, 'n probleem te help verken en raad te gee.

#### Professionele rolmodel

In haar gedying as leier het sy 'n volwasse professionele rolmodel nodig. Dit is onder die leiding van so 'n persoon dat sy haarself vorm en dat sy 'n gesonde lewensbeskouing ontwikkel waarin hoë en suiwer geestelike waardes die rigting aandui. Sy kan dan 'n mensbeskouing haar eie maak wat getuig van warme medemenslikheid waarin begrip, vertroue en simpatieke gesagsleiding ook aan háár die vermoë gee om ander veilig en tuis by haar te laat voel. Dit is onder die voortdurende leiding van so 'n persoon dat sy leer om balans tussen loopbaan- en persoonlike lewe te verwerf.

Só word aan die student die geleentheid gebied om te groei tot 'n persoon met agting vir haarself en andere, om die insig te verkry dat dit moontlik is vir 'n professionele vrou om tot beide professionele en persoonlike selfverwesenliking te kom, en haar in beide hierdie hoedanighede met selfvertroue te handhaaf.

### Gevormdheid van persoonlikheid

In die derde plek moet die professioneel-gevormde verpleegkundige voldoen aan die vereistes wat aan 'n gevormde persoonlikheid gestel word, naamlik:

— 'n geïntegreerde persoonlikheid waar denke en doen direk met mekaar verband hou;
— 'n persoonlikheid met 'n eie identiteit, dit is met 'n eie stempel. 'n Gevormde persoon is konstant en konsekwent in verskillende situasies, gelykvormig aan homself op verskillende tydstipte, voortdurend kenbaar en herkenbaar aan sy denke en handelinge. In direkte teenstelling is die soort persoon wat in elke volgende situasie 'n ander mening het en terwille van gewaande eensgesindheid en populariteit 'n manteldraaier is;
— die persoonlikheid van 'n gevormde persoon getuig van selfbestuur, selfgedissiplineerdheid en selfordening. Dit is 'n persoonlikheid wat gerig word vanuit eie innerlike oortuigings waarvan sy lewe as geheel spreek.

Die gehalte van so 'n persoon se omgang met ander, sy besluite en optrede, die gesindheid waarmee hy met dinge, die weerlose en natuur omgaan, sy voorkoms, liggaamshouding en -beweging asook taalgebruik — dit alles, getuig van verantwoordelikheid, eerbied, gesonde oordeel en afgerondheid.

In hierdie verband is die voorleef van effektiewe **leierskap** aan die student sekerlik die belangrikste hulpmiddel tot beskikking van alle verpleegkundiges wat 'n bydrae tot die opleiding maak. Dit is aan die hand hiervan dat die student leer **wanneer** om te raadpleeg, om die standpunte van andere te eerbiedig, te beoordeel, en as dit meriete het, dit te gebruik. Só leer sy **wanneer** om voorskriftelik te wees, **wanneer** om terug te tree en **wanneer** om in te gryp en 'n situasie te rig.

Die student moet van die begin van haar opleiding af die geleentheid kry om haar mening te lug, te beoordeel aan die hand van die menings van andere en dit te verdedig. In erkenning van haar mening moet dit oorweeg en, indien bruikbaar, benut word. Groepbesprekings waarvoor studente voorbereiding moet doen, probleembesprekings van denkbeeldige of werklike probleme in die verpleegkundige praktyk en in interpersoonlike, maatskaplike en beroepsverband moet deel vorm van die leerplan in alle studiejare en moet nie net in die klaskamer nie, maar ook in die kliniese situasie plaasvind.

Die student moet aangemoedig en die geleentheid gebied word om haar eie inisiatief te gebruik wanneer dit ookal moontlik is. Veral in kliniese onderrig moet die gehoorsaming van beginsels die vertrekpunt wees en is die uitgediende, voorskriftelike drilbenadering nie meer geregverdig nie.

Daar moet ernstig gewaarsku word teen die moontlikheid dat die nuwe benadering van standaardpasiëntsorgplanne ontaard in net nog 'n vorm van dril en kondisionering, met voorskrifte in plaas van riglyne, en weereens die gevaar dat die student geleer word om in 'n stereotipe soort verpleegbenadering te verval. Indien die standaardverpleegplan nie in elke pasiëntsituasie met 'n individuele verpleegplan aangevul word nie hou dit ernstige gevaar in vir professionele vorming as geheel, omdat die student daardeur nie tot selfstandige denke en besluitneming groei nie, maar tot 'n slaaf van eksterne voorskrifte. Van die individualisering van pasiëntsorg sal daar ongetwyfeld niks kom indien hierdie benadering verkeerd beplan en in werking gestel word nie.

Dit is juis die **individualisering** van pasiëntsorg in die verpleegprosesbenadering wat die ideale voedingsbodem bied vir die groei van die student tot 'n praktisyn met 'n eie siening van verpleging. Dit is daarin dat sy die geleentheid kry om te leer om haarself terapeuties te gebruik met betrekking tot haar eie kundigheid, eie psigo-motoriese en interpersoonlike vaardighede en haar eie verhoudingstigting met 'n indivuele pasiënt. Sy leer om te diagnoseer en te beplan vir verpleegoptrede en om dit in verskillende situasies te evalueer en aan te pas. Sy leer om selfstandig te dink en besluite te neem in 'n verskeidenheid situasies. Dit bied aan haar geleidelik

meer en meer kennis en ervaring om 'n eie bydrae te maak en voorstelle te doen ter verbetering van die verpleging van 'n pasiënt, maar ook tot sy behandeling in breër verband, dit is in interdissiplinêre spanverband, en om haar mening wetenskaplik te motiveer en te verdedig.

Op hierdie wyse groei sy werklik tot 'n gevormde professionele persoon met eie gegronde standpunte en tot 'n praktisyn wat met 'n ware eie identiteit waar beide standpunt en identiteit gerig word vanuit 'n verinnerlikte, ordelike, gedissiplineerde persoonlike en vakkundige beskouing. Die student moet vir hierdie rede opgeneem word in die interdissiplinêre kliniese besprekings waar beplanning en evaluering van pasiëntsorg gedoen word.

Die aktiewe betrokkenheid van die student by haar opleiding, die eise waaraan sy van die begin af moet voldoen met betrekking tot selfwerksaamheid, die toenemende rol wat sy toegelaat word om te speel in haar kliniese evaluering, die vryheid tot eie vindingrykheid en besluitneming, die geleentheid wat sy toenemend geniet om kliniese situasies en eenhede selfstandig te hanteer en die verantwoordelikheid en aanspreeklikheid wat sy vir al die bogenoemde moet aanvaar — dit alles dra by tot die vorming van die student se persoonlikheid tot een van selfbestuur en selfgerigtheid. Ook hier moet die vormingswaarde van toenemende selfbestuur van studentaangeleenthede deur studente sterk beklemtoon word.

Met betrekking tot die faset van die afgeronde persoonlikheid in soverre dit kleredrag, voorkoms, stem- en taalgebruik, liggaamshouding en -beweging aangaan moet die waarde van gesindheidsvorming deur die verpleegkundige rolmodel beklemtoon word. Hoë eise moet in dié verband aan die student gestel word. Sy moet deur vermaning, goedkeuring en voorbeeld leer om haar uniform met eerbied te dra. Persoonlike netheid moet onvoorwaardelik vereis word. Dieselfde geld vir haar gedrag in uniform en in private drag. Die begeleiding in hierdie verband mag egter nie die student se waardigheid aantas nie.

Die student moet leer dat die bedlêende pasiënt die gevangene is van ook haar voorkoms, haar stemtoon, haar skerp reukwater en/of rookreuk — hy kan dit nie ontvlug nie. Nougesette eerbiediging van die beginsels van persoonlike afgerondheid moet beskou word as deel van die verpleegkundige se eerbied vir veral die pasiënt.

Hierdie vormingspogings sal egter slegs betekenisvol wees as die seniorverpleegkundige self die voorskrifte wat sy stel gehoorsaam. Die eerbied vir die uniform as deel van die trotse beeld van die professionele verpleegkundige moet reeds by eerstejaarstudente ingeskerp en versterk word deur goedkeuring en aanprysing vir netheid, beheersde en vriendelike gedrag, taalgebruik 'n goeie benadering tot mense en dinge — eerder as deur afbrekende kritiek van 'n verpleegkundige wat self hierdie beginsels verontagsaam.

## SLOT

Professionele vorming is 'n voortdurende gebeure. Dit word oorgedra van die een geslag verpleegkundiges tot die volgende geslag. Die grondliggende belang van professionele vorming van die verpleegkundige vir die gehalte van pasiëntsorg en vir verpleging in die geheel, maak daarvan 'n taak van primêre belang vir elke praktisyn.

Die status van die verpleegberoep sal slegs toeneem tot die mate waarin dit in staat is om verpleegkundige kennis vir verbeterde dienslewering en steeds beter voorbereide, gevormde professionele praktisyns te lewer. Elke verpleegkundige is daarom geroepe om self voortdurend professioneel te groei en die professionele groei van kollegas en studente te bevorder.


### BRONNE

1. Chaska. Norma L. (1978) *The nursing profession*. McGraw-Hill.
2. Kotzé, W.J. (1982) Professionele gevormdheid van die verpleegkundige — die beeld van die beroep na buite. *Curationis*. Vol 5 No 1 Maart 1982
3. Kotzé, W.J. (1974) *Verantwoordbare leierskap in die verpleegadministrasie*. S.A. Verpleegstersvereniging.
4. Kron, T. (1966) *Nursing team leadership*. Saunders.
5. Metcalf, H.C.; Urwick, L (1952) *Dynamic Administration* Pitman


# VOLTOOIDE NAVORSING / COMPLETED RESEARCH

## 'N EVALUERING VAN DIE OPLEIDING VAN VERPLEEGKUNDIGES VIR BASIESE REGISTRASIE IN DIE REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA


**MARGHARETHA CORNELIA VAN HUYSSTEEN**

**Doktor in verpleegkunde (DCur) Universiteit van Pretoria**


'n Nuwe era is in die lewering van gesondheidsdienste in Suid-Afrika ingelei met 'n omvattende gesondheidsdiens as doelstelling.

Met die studie is beoog om die doel en omvang van hierdie omvattende gesondheidsdiens te verken, die eise wat aan die geregistreerde verpleegkundige in hierdie diens gestel word te bepaal en die opleiding van verpleegkundiges op basiese vlak te evalueer aan die hand van gestelde kriteria.

Dit blyk dat die verpleegkundige op basiese vlak omvattend as praktisyn opgelei moet word in algemene, psigiatriese en gemeenskapsverpleegkunde sowel as verloskunde.

Die opleiding moet gerig wees op die ontplooiing en ontwikkeling van die verpleegkundige op persoonlike en professionele vlak om analities, krities en skeppend te dink en om wetenskaplike gegewens selfstandig te beoordeel.

Die huidige verpleegonderwysstelsel en die gebrek aan 'n verpleegonderwysbeleid strem hierdie ontwikkeling en dringende heroorweging daarvan is nodig indien die verpleegberoep aan die eise van die beoogde omvattende gesondheidsdiens wil voldoen.